ZEISS & SAJWV GHONGSKIETKOMPETISIE

1.Inleiding

Die Zeiss & SAJWV ghongskietkompetisie is ‘n jaarlikse SAJWV intertak spanskietkompetisie. Zeiss is die hoofborg en ‘n SAJWV tak sal hierdie kompetisie aanbied. Hierdie kompetisie het ten doel om ‘n prettige en uitdagende spanskietkompetisie onder veldtoestande op ‘n goed georganiseerde en veilige wyse te wees. Standaard SAJWV goedgekeurde skietreëls, skiettoerusting en skietposisies word gebruik. Die klem is op veiligheid (veral in die veld) by die uitlê van bane vir kompetisies en die handhawing van billike standaarde wat die skietposisies en afstande reguleer. Die kompetisie word beplan vir ‘n maksimum van 36 vyf-man spanne. SA Jagters takke kan ‘n maksimum van 3 spanne per kompetisie per tak inskryf.

2.Formaat.

Die kompetisie bestaan uit ses afsonderlike bane van vyf 200mm ghongs elk. Daar word in intertak spanverband deelgeneem. Spanne bestaan uit 5 skuts waarvan minstens 3 lede uit dieselfde tak afkomstig moet wees. Wenners word bepaal deur die aantal ghongs wat ‘n span raakgeskiet het, en tel uit ‘n moontlike 150 ghongs. Die organiseerders stel die bane op en die ghongs op elke baan word tussen die minimum en maksimum afstande versprei soos wat hieronder by die baanuitleg aangedui word. Span inskrywings moet deur die betrokke tak se voorsitter goedgekeur word om kontrole te verseker.

Alle pryse word toegeken deur middel van ‘n gelukstrekking na afloop van die kompetisie waarby die wenner teenwoordig moet wees. Die prys sal verbeur word indien die wenner nie teenwoordig is nie, en die trekking sal herhaal word totdat ‘n teenwoordige wenner getrek word.

3.Toegelate toerusting.

Senterslag jaggewere, maksimum .30 kaliber.
Enige teleskoop (uitgesluit laser teleskope)
Harris tipe tweepote wat vasheg aan die geweer
Skietstokke
Elmboog beskermers

Knie beskermers
Nie-ondersteunende handskoene
Knaldempers
Skietmatte
Wat ook al die organiseerders op die baan beskikbaar stel
Geweerbande mag gebruik word op alle skietbane
Ballistiese rekenaars
Los passende skietbaadjies

4.Ontoelaatbare toerusting.

Laser afstandmeters
Windmeters
Sandsakke
Verstelbare skietbank tipe geweerrusse.
Trompremme

5. Baan uitleg

Baan 1	:	Sitposisie sonder ondersteuning
Minimum afstand	:	150m
Maksimum afstand	:	200m
Toegelate tyd	:	10 minute vir die hele span
Baan 2	:	Staanposisie met skietstokke, enkel steunpunt.
Minimum afstand	:	150m
Maksimum afstand	:	200m
Toegelate tyd	:	10 minute vir die hele span
Baan 3	:	Lê-posisie sonder ondersteuning behalwe geweerband
Minimum afstand	:	150m
Maksimum afstand	:	220m
Toegelate tyd	:	10 minute vir die hele span
Baan 4	:	Lê-posisie met enkel steunpunt vanaf skietstokke of bipod
Minimum afstand	:	200m
Maksimum afstand	:	350m.
Toegelate tyd	:	10 minute vir die hele span
Baan 5	:	Lê-posisie met steun voor en agter vanaf bipod en hand of monopod, of beide bene van skietstokke
Minimum afstand	:	250m
Maksimum afstand	:	400m
Tydsbeperking	:	10 minute vir die hele span

Baan 6	:	Sitposisie met enkel steunpunt vanaf skietstokke of bipod
Minimum afstand	:	150m
Maksimum afstand	:	250m
Toegelate tyd	:	10 minute vir die hele span

6.Algemene reëls:

Hierdie kompetisie vind plaas onder beheer van die SAJWV se standaard skietbaanbevele, skietbaanveiligheidsreëls en die universele reëls wat skietposisies ens. breedvoerig verduidelik. Die presiese afstande word nie aangegee nie. Die skut moet dit skat binne bogemelde riglyne.
Baanbouers mag ook deelneem. Slegs die naaste en verste teikens se afstande mag gemeet word deur die persoon verantwoordelik vir die baan uitleg om te verseker dat dit binne die voorgeskrewe riglyne val, maar mag nie bekend gemaak word nie.

Elke baan moet met ‘n enkele jaggeweer voltooi word. Verskillende gewere mag vir verskillende bane gebruik word.

Onder bevel van die baanoffisier maak die span staande gereed by hulle skietposisies, magasyne word gelaai maar grendels bly oop. Wanneer almal gereed is begin die tyd en kan die span hulle skietposisies inneem en dan eers mag die skut wat skiet sy of haar grendel sluit. Spanlid nommer een begin skiet by ghong een, daarna skiet spanlid twee op ghong een, daarna skiet spanlid drie op ghong een, daarna skiet spanlid vier op ghong een, daarna skiet spanlid vyf op ghong een. Wanneer al vyf skuts ghong een geskiet het, begin skut een skiet op ghong twee en daarna skiet skut twee, drie, vier en vyf in volgorde op ghong twee. Die hele baan van vyf ghongs word op die wyse van links na regs, ghong een tot ghong vyf voltooi. Sodra ‘n skut klaar geskiet is moet sy grendel oopgemaak word en dit moet oop bly tot dit sy beurt is om die volgende ghong te skiet – nie voor die tyd nie! Die spanlede mag onderling praat en mekaar help. Geen afrigtig van buite die span word toegelaat nie. Die spankaptein mag tussen sy spanlede beweeg nadat hy klaar geskiet en sy geweer veilig en oop neergelê is.

In die geval van gelyke tellings word die spanne uitgetel vanaf baan 5 (verste baan), dan baan 4 (volgende verste), dan baan 6 (volgende verste) ens. totdat ‘n wenner bepaal kan word.

Indien ‘n ghong buite volgorde geskiet word, of ‘n skut skiet buite sy beurt, word die betrokke telling verbeur.